**PREEK: 14 JUNIE 2026**

**REEKS: JAKOBUS**

**TEMA: DEEL 2**

"My broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees."
**Jakobus 1:2 (NLV)**

**VERSOEKINGS**
"Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet."
**Jakobus 1:12 (AFR83)**

**πειρασμος** (peirasmos) – twee betekenisse – 'beproewing' of 'versoeking'

**HOE HANTEER ONS VERSOEKINGS?**
"Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood."
**Jakobus 1:13-15 (AFR83)**

1. **INNERLIKE VERSOEKING KOM NIE VAN GOD AF NIE**

"en lei ons nie in versoeking nie"
**Matteus 6:13 (AFR53)**

2. **WAT IS, EN WAAR KOM VERSOEKING VANDAAN?**

"Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep."
**Jakobus 1:14 (AFR83)**

- **Versoekings ontstaan vanuit ons eie bose begeertes**

"om te begeer" - ***ἐπιθυμία* (epithumia)** – beteken letterlik 'n 'diep innerlike begeerte'; "Lust"

"Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."
**Matteus 26:41 (AFR20)**

"And when the woman saw that the tree was good for food, and that it was delightful to look at, and a tree to be desired in order to make one wise *and* insightful, she took some of its fruit and ate it; and she also gave some to her husband with her, and he ate."
**Genesis 3:6 (AMP)**

"Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood."
**Jakobus 1:15 (AFR83)**

“Maar Ek sê vir julle, elke man wat met ’n wellustige oog na ’n ander vrou kyk, het al klaar in sy hart egbreuk gepleeg. En as jou regteroog jou laat struikel, pluk dit liewer uit en gooi dit weg van jou af. Dit is vir jou beter dat een van jou liggaamsdele tot niet gaan as dat jou hele liggaam in die hel eindig. Net so, as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om net een van jou liggaamsdele te verloor as dat jou hele liggaam in die hel eindig.”

**Matteus 5:28-30 (NLV)**

**3. HOE GAAN ONS VERSOEKINGS OORWIN?**

**Ons moet versoekings identifiseer en uitroei voor dit bevrug word.**

**a)** Dit gaan ‘n geveg kos

“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”

**Johannes 16:13 (AFR83)**

**b)** Identifiseer en vermy eksterne faktore wat aanleiding gee tot versoekings

**c)** Bring begeertes in die lig

“... en moenie aanhou deelneem aan die nuttelose werke van die duisternis nie. Nee, ont-masker eerder hierdie werke, want mense doen in die geheim dinge wat te skandelik is vir woorde. Maar as die lig daarop skyn, kom alle dinge se ware karakter aan die lig,”

**Efesiërs 5:11-13 (NLV)**

**d)** Versmoor begeertes

**GEVOLGTREKKING**

“Ek sê: Laat julle leefstyl eerder deur die Gees bepaal word. Dan sal julle glad nie aan die begeertes van julle sondige geaardheid toegee nie. ’n Mens se sondige geaardheid wil dinge doen wat teen die Gees is, en die Gees wil dinge doen wat teen jou sondige geaardheid is, want hulle is mekaar se vyande. Julle kan dus nie sommer maar net alles doen wat julle wil nie.”

**Galasiërs 5:16-17 (NLV)**

“Van Bo af kom net goeie, ja, volmaakte gawes. Hulle kom van die Vader wat die hemelligte geskep het. Anders as die hemelligte, staan Hy onbeweeglik vas. Selfs sy skaduwee verskuif nie soos hulle s’n nie.”

**Jakobus 1:17 (NLV)**